NG Kerk Swartland-Noord Gemeente
Bergzichtstraat 40, Malmesbury, 7300
Tel: (022) 482-1407

Preek / Bybelstudie / Huiskerk 2020

12 April 2020 - Ds George Prinsloo - Paas Sondag

Tema: Oorwinning en hoop!!!

Teks: Lukas 24:1-9 en 1 Korintiërs 15:1-11

Hulpmiddels en Wenke:

- Bring een of almal se doopseels na die byeenkoms
- ‘n Kleipot of ‘n mooi bak met water kan julle êrens sigbaar neersit.
- ‘n Kers byderhand neersit wat later aangesteek kan word.
- ‘n Klankgreep van ‘n kerkklok/klok of julle eie kreatiewe klok.

Die voorganger beplan bietjie vooraf en betrek dan familielede vir die aanbiedings binne die groter aanbieding. Daar is verkeie momente of bewegings in die Huiskerk geleentheid. As julle meer as een persoon is, deel die verantwoordelikheid om kerk te hou!

Raak rustig en deel met mekaar:

- Wat jy die afgelope tyd in die “Corona seisoen” geleer het.
- Wat het jou getref van die afgelope Goeie Vrydag.

PAAS SONDAG is die dag waarop ons Jesus se Opstanding, ja Sy oorwinning oor die dood, gedenk en vier. Dit is die fees van HOOP!

Speel/Lees ‘n lied wat julle aan **oorwinning** herinner. (Bybelteks: Romeine 8: 37-39)

Lees voor: 2000 Jaar gelede was daar “eerste getuies” van die kruisiging van Jesus Christus. Daar was ook ‘n paar vroue wat die “eerste getuies” van die opstanding van Jesus Christus was. // Vandag, vanoggend is daar oor die hele wêreld miljoene Christene wat hierdie getuienis uitdra. Daar is miljoene wat vandag saam met ons die woorde bely wat ons nou-nou gaan bely. Die vroeë kerk het mekaar bemoedig met die vreugdegroet dat Jesus opgestaan het, en dat die Here Jesus leef. Kom ons doen dan nou so.

Voorganger : Die Heer het opgestaan!

Res van Familie : Die Heer het waarlik opgestaan!

Lui die klok lui vir ongeveer 5 na 15 sekondes

Voorganger : Die Heer het opgestaan!

Res van Familie : Die Heer het waarlik opgestaan!

Steek die kers op die tafel aan!!! (simbool van hoop – Jesus het opgestaan)

Bevestig Wie God is deur die lees van Psalm 118 vers 5 tot 10.

Lofsang : Sing of lees Liedboek 409:1,2 (Of speel enige lied wat God se grootheid besing

Selfondersoek : 2 Dae terug, op Goeie Vrydag, het ons opnuut voor U besef, dat ons skuldig voor U staan. Ons het weer besef dat U, o Here, uit vrye wil in ons plek kom straf dra het. Dit raak ons tot in die diepste van ons menswees. Die feit dat ons deur hierdie waarheid aangeraak word, het te make met die werk van U Gees. Wat sou van ons geword het sonder U ingrype o God?

Herinner mekaar aan God se genade deur die Voorlees van Liedboek 240:2 “Nooit pleit ‘n gebroke Gees…” As julle nie ‘n Liedboek het nie, dink aan ‘n Bybelstorie wat oor vergifnis gaan soos Byv ‘Die verlore seun”.

Gebed: Bid nou oor die voorreg om ‘n Bybel te kan hê waarin ons ontdekkings oor God kan maak asook om ons bloot net oor God te verwonder.

Skriflesing : Lukas 24:1-9 en 1 Korintiërs 15:1-11

Tema : Oorwinning en hoop!!!

Op ‘n webtuiste kry jy allerhande inligting oor ‘n bepaalde persoon, saak of gebeure. 1 Korintiërs 15 is een van die kern “webtuistes” waar ons kernwaarhede oor die opstanding van Jesus vind. Die opstanding van Jesus Christus begrond die ganse evangelie. Sonder hierdie opstandingsfees sou kerk-wees ‘n leë dop en bloot net ‘n vereniging wees wat die interessante en grusame dood van ‘n “spesiale persoon” vier.

1. Die opstanding van Jesus Christus goeie nuus, die beste nuus (15:1-4)

Die opstanding van Jesus Christus is ’n feit, nie ’n fabel nie. Dit is ‘n opspoorbare gebeure in die geskiedenis. Die name en tydgleuf waarbinne dit gebeur het, is gedokumenteer, en daar was eerste getuies wat rondom hierdie waarheid getuig en oorvertel het.
Dié waarheid begrond die Christelike geloof, die kerk, die liturgie, ons daaglikse lewe.

- Dít maak dat ons die dood nie vrees nie:
- Dit is vir ons die deurgang tot die lewe:
- Hierdie waarheid gee betekenis vir ‘n mens se aardse reis. Stukkendheid en doodloopstrate word omskep in nuwe geleenthede en nuwe reise.

Paulus praat onverskrokke oor die opstanding van Jesus Christus as die hart en die kern van die Evangelie.

2. Geloofwaardige getuies het die opgestane Jesus gesien, ontmoet (15:5-8)

Die ooggetuie verslag van Christus se opstanding deur ’n hele aantal geloofwaardige getuies en ook van Paulus persoonlik, is oortuigend, vertroostend en dit wortel vir Paulus in God se genade wat hy self eerstehands beleef het in sy ontmoeting met die opgestane Jesus (vgl hierby: “Teks” 5 en 6)

Voortgesette gebeure waarin mense oor die opgestane Here getuig:

- Belydenisaflegging
- Doop en nagmaal gebeure
- Bevestiging van kerkraadslede
- Inhuldiging van leraars en woordverkondigers
- Selfs die Corona virus kan die voortgang van die kerk nie stuit nie!!

Daar is soveel getuienisse van mense wat in Jesus se sterwe en opstanding hulle eie menslike doodloopstrate as deurgange van hoop ontdek. Mense wat vanuit informele omstandighede gelowig die dood tegemoet leef sonder die soort angstigheid wat met verlorenheid geassosieer word.

3. Die implikasies van die opstandingsevangelie vir ons eie lewe en getuienis (15:9-11)

3.1. Ons is op Paasfees diep dankbaar dat ons is wie ons is, deur die genade van Christus, die “nuwe gemeenskap”, die “behoort aan mekaar” mense, die kerk.

3.2. Daarom span ons ons in en leef en werk ons moedig op grond van die dood en opstanding van ons Here. Dink hier aan die sterk beklemtoning van sekerheid in die res van die 1 Kor.15 gedeelte. Die HG laat Paulus met sekerheid getuigend skryf.

- Ons is daarom oortuig ons prediking is nie tevergeefs nie (15:14).
- Ons bely Christus is die eersteling wat opgestaan het uit die dood (15:20).
- Ons weet verseker die laaste vyand, die dood, is vernietig (15:26).
- Ons doop kinders en volwassenes vrymoedig (15:29). Want ons ken die God wat opwek, en vir Christus wat opgestaan het, wat Here is, wat ons lewens wegstuur van ‘n selfgerigte en sondigende geploeter! (15:34)

Ons getuig teenoor die wêreld, magte en heerskappye, van die gekruisigde Jesus wat leef en Heer is, opgewek, opgevaar en wat sit aan die regterhand van die Vader, waarlik teenwoordig in die geskiedenis, met ons, al die dae tot aan die voleinding, soos die kerk dit in die oer Christelike belydenisse gedoen het tot vandag.

3.3. Ons is op Paasfees opgewonde, uitbundig bly, en groet mekaar vol vreugde, verkondig aan mekaar en die wêreld die dood is oorwin. Ons sing vreugdeliedere, kinderliedere, en vars nuwe komposisies, want “Hy leef” en ons met Hom!

Voorlesing:
Hy leef, Hy leef,
Die Heiland leef vandag!
Hy gaan met my en Hy staan my by,
Waar diepste smarte wag –
Hy leef, Hy leef!
Verlossing bied Hy vry;
en vra jy my hoe ek dit weet?
Hy lewe hier in my!

Afsluit met ‘n laaste fokus

Voorganger:

Laat iemand die **water in die doopbak** “roer” en elkeen kan hulle hand in die water druk of aan die water raak.

Ons dink vandag spesiaal daaraan dat ons deur ons doop saam met Christus gesterf het en begrawe is. Ons weet egter dat ons ook saam met Hom opgewek is tot ’n nuwe lewe. Daarom bevestig ons opnuut die beloftes wat by ons doop gemaak is. Ons bely opnuut ons verbondenheid aan Christus. Ons verwerp opnuut ons selfsugtige werke in ons lewe omdat Christus vir ons ’n werklike Redder, Verlosser en die draer van Goeie Nuus is.

Vertel vir mekaar wat vandag vir jou kosbaar of belangrik was

Bid saam of iemand kan namens die familie bid.

Kollekte : Die familie neem kollekte op en besorg dit by die kerkkantoor of doen ‘n EFT.

Slotsang : Sing of lees Liedboek 411 vers 2. Kan ook ‘n Bybelvers soos Johannes 20 vers 11 tot 18 saam lees.

Seëngroet : Lees saam Filemon 1 vers 25.

Skakel na Youtube video:

https://youtu.be/t5LFrYdJ3Ys